

Sing vooraf: Psalm 103:11 (p. 506)

- 11 Verhef die HEER, o al sy leërmagte, / sy dienaars wat Hom dien as troue wagte!
Laat hemel, aarde en see en berg en dal, / waar ook sy septer swaai – laat alle dinge
sy lof verhef in altyd wyer kringe! / En jy, my siel, loof jy Hom bowenal.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige
werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 2:6 (p. 7)

- 7 Kom, dien die HEER en wees in Hom verblyd / met blydskap wat Hom huldig as die HEER,
en kus die Seun in onderworpenheid, / buig jul voor Hom met vrees en bewing neer.
Want lig'lik kan Gods gramskap jul verteer / net soos 'n vuur, eers alte klein geag.
Welsalig wie Hom huldig as hul HEER, / wie by Hom skuil en op sy bystand wag.

Gebed

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**
- **Vergifnis:**
- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

Amen.

Psalm 51:6 (p. 261)

- 6 Gee my weer lewensvreug, die soete smaak / wat ek moet mis, in sondesmart verlore;
gee my gewilligheid, uit vreug gebore, / wat weer u diens vir my 'n vreugde maak.
Dan hoor ek nie die wrede aanklag meer: / "Kyk hoe het hy, die kind van God, gesondig!"
Ek wil oortreders dan u weë leer, / bekering aan die sondaars bly verkondig.

Skriflesing: Matteus 21:33-46

Teks: Matteus 21:37; Kategismus Sondag 14

Oplaas het hy sy seun na hulle gestuur en gesê: Hulle sal my seun ontsien.
(Matteus 21:37 AFR1953)

Ons het hier simboliese voorstellings.

- Die vrugbare grond en die edelste wingerdstokke is die kerk – die kerk is die huis van die Here.
- Ons is in die taal van die gelykenis hierdie wingerd.
- Die heining rondom ons is die beskerming van God se genade en die werk van die Here Jesus Christus, asook die leiding van die Heilige Gees.

Die toring waarvan hier gepraat word, was in die Ou Testament vereenselwig met die koning se regering en krag. Dus: die werk en krag van die Here Jesus Christus.

In hierdie gelykenis is die wingerd verhuur.

- Die Here Jesus Christus sê nie in hierdie gelykenis dat die wingerd verkoop is nie.
- Die wingerd behoort nog altyd aan God – maar die kerk word deur mense bewerk en beman.
 - Dit is ons almal – wat deur God uitverkore is.
- En God verwag van ons om te sorg dat sy wingerd iets moet oplewer.

Die gelykenis verhaal verder dat, toe dit tyd geword het dat die wingerd vrugte moes oplewer, die Here diensknegte gestuur het om die vrugte van die wingerd te gaan haal.

- Die profete van die Ou Testament.
 - U ken mos die Bybel, en weet hoe hulle telkens die volk tot bekering aangespoor het, en hoe die mense altyd verseg het om tot bekering te kom.
 - Die profete het die volk gesmeek om hulle voluit aan God te wy en van hulle swak godsdiensverhouding met God af te sien.

Om nou hierdie gelykenis in perspektief te stel, moet ons dink aan wat die profete alles oorgekom het.

- Hulle het net gepreek – waarvoor God hulle gestuur het – en dit het so 'n geweldige beweging onder die volk teweeggebring dat daar baie wreed teen die profete opgetree is.
- Vers 35 vertel baie merkwaardig dat die landbouers die diensknegte geneem het en die een geslaan en 'n ander een doodgemaak en 'n ander gestenig het.
 - Die profeet Jesaja is byvoorbeeld aan stukke gesaag.
 - Jeremia en Sagaria is gestenig.
 - Amos is lewendig verbrand.
 - Johannes die Doper se kop is afgekap.

Toe stuur die Here sy eie Seun.

- Onthou net vir die oomblik dat God op hierdie stadium al meer as genoeg rede gehad het om die hele uitverkore volk uit te delg.
- Maar Hy stuur sy Seun: **My Seun sal hulle ontsien!** So staan dit hier geskryf.

God kon die hele aarde met een woord uitgedelg het, maar met hierdie daad van Hom het Hy sy liefde weer sigbaar aan ons geopenbaar. Die Here Jesus word gestuur om 'n – vir die mense – ondankbare offer te word.

Waarom moes die Here Jesus dan ook juis 'n mens wees?

- Die antwoord is dat God mense verantwoordelik hou vir die sondes wat mense gedoen het.
- Die enigste manier om mense te straf vir hulle sondes was dat God self 'n mens moes word om enersyds sondeloos te lewe, en om andersyds die straf teen die sonde te kon dra.

Sou die mense die Here Jesus ontsien en Hom toelaat om die koninkryk van God aan hulle te preek en hulle te bekeer?

- In die gelykenis profeteer Jesus dat die mense en die satan daarin die kans gesien het om die “Erfgenaam” van die wingerd dood te maak, sodat hulle wederregtelik die besitters van die wingerd kon word.
- *Die beginsel is dus dat daar probeer word om God van sy eie koninkryk te onteien!*

Die poging het misluk, want die Here Jesus Christus het toe uit die dood opgestaan.

- Hy is weer terug na die hemel toe.
- Nou staan ons met die skuld in die hande:
 - Ons het God se Seun doodgemaak!
 - Wat gaan God nou met ons doen?

Die vraag wat ons eers sal moet beantwoord is dit: Laat ons ons bewerk as God se wingerd en gee ons die nodige vrugte?

- God vra van ons geloofsvrugte of ons dit wil lewer of nie.
- Dit is waarvoor Hy ons geskape het!
- Mens kan jou nie maar net teen die uitverkiesing blindstaar op so 'n manier dat jy kan terugsit nie! Gemeente, dit is presies wat ons nooit mag doen nie!

Die feit is dat ons lewe onder die Here Jesus Christus se versoeningswerk.

- Ons word dag na dag wakker gemaak deur die sterkte van die Heilige Gees wat na ons toe gestuur is na die Here Jesus Christus se hemelvaart.
- Wat sal ons sê as die Here van ons vra om te verduidelik wat ons met al die genade gedoen het wat Hy oor ons uitgegiet het?
- En ook met dié wat Hy aan ons toevertrou het om die evangelie te verkondig!
- Ons moet net onthou dat daar 'n tydstop sal aanbreek wanneer ons nie meer op God se genade sal kan aanspraak maak nie!

Ons bely mos iewers in die Kategismus dat ons ook baat by die heilige ontvangenis en geboorte van die Here Jesus Christus.

- Ons motivering vir hierdie belydenis is mos dat die Here Jesus Christus ons Middelaar is.
- Hy het met sy onskuld en volkome heiligheid my sondes waarin ek ontvang en gebore is, voor die aangesig van God bedek!

Besef u wat ons hier bely? Die Here Jesus Christus steek ons skuld vir God weg dat Hy dit nie kan sien nie!

- Daarom is dit 'n ernstige saak as ons nie lewe soos mense wat hieroor gehoorsaamheid en opregtheid aan die Here Jesus Christus verskuldig is nie.
 - Miskien is dit tog waar dat ons eintlik net ons oordeel verswaar met hierdie belydenis – want ons kan nie bely dat ons aan die Here Jesus Christus behoort, en dat Hy ons skulde bedek en weggeneem het as ons so onverskillig lewe soos ons soms doen nie.
 - Dit lyk partykeer asof ons dink die Here is blind.

Die punt is nie dat ons met hierdie preek weer 'n lys wil maak van al die sondes wat onder ons wemel nie. Glad nie.

- Die punt is dat ons positief en warm teenoor die Here en mekaar moet leef.
- Ons moenie kyk hoe ver ons God se genade kan rek nie.
- Ons behoort eerder te kyk – terwyl ons aan God behoort – hoe naby ons aan Hom en sy heerlikheid kan bly!

As ons ons gemeente sou toets aan die gelykenis, hoe lyk ons?

- Ons is nie net die Here se eiendom nie!
- Die Here maak ons ook die bewerkers van sy wingerd, want die kerk op aarde moet nou deur ons versorg word!

Waarskynlik sal ons eerlik wees as ons sê ons gemeente se vrugte word soos volg gedra:

- Daar is 'n sterk kern in die gemeente wat met offers van hulle liggame en beursies – gedra deur 'n sterk geloof – die gemeente dra en onderhou.
- Dan is daar 'n ander groep wat soms saamleef, maar ook meer kere langs die kant sit.
- Maar ons gemeente het ook nog 'n groep lidmate wat self nie weet of hulle God werklik ken of wil ken nie.
 - Hulle leef op baie min terreine met die kerk saam.
 - Daarom is die vrug van ons gemeente ook oneweredig versprei onder die lidmate, terwyl die ideaal tog sou wees dat ons almal in ons beste pogings hand aan hand God verheerlik.

Miskien moet ons dit ons taak maak om in hierdie tyd waarin ons lewe, alles saam te doen en ook om in alles met so 'n mooi geloof en gesindheid aan te pak dat ons selfs die onder ons wat die swakste geïnspireer is, saamsleep.

Nie ter wille van enige vertoon nie, maar alleen ter wille daarvan dat ons God behoorlik dien en met alles wat ons het, verheerlik.

Kom ons lees wat ons belydenis hiervan leer in die Heidelbergse Kategismus Sondag 14:

Vraag 35: Wat beteken: wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore is uit die maagd Maria?

Antwoord: *Dat die ewige Seun van God, wat ware en ewige God is (a) en bly (b), die ware menslike natuur uit die vlees en bloed van die maagd Maria (c) deur die werking van die Heilige Gees aangeneem het (d). So is Hy tegelykertyd die ware nakomeling van Dawid (e), in alles aan sy broers gelyk (f), behalwe die sonde (g).*

(a) 1 Joh 5:20; Joh 1:1; 17:3; Rom 1:3, Kol 1:15. (b) Rom 9:5. (c) Gal 4:4; Luk 1:31, 42, 43. (d) Matt 1:20; Luk 1:35. (e) Rom 1:3; Ps 132:11; 2 Sam 7:12; Luk 1:32; Hand 2:30. (f) Fil 2:7; Heb 2:14, 17. (g) Heb 4:15.

Vraag 36: Watter nut verkry jy uit die heilige ontvangenis en geboorte van Christus?

Antwoord: *Dat Hy ons Middelaar is (a), en met sy onskuld en volkome heiligheid my sonde waarin ek ontvang en gebore is, voor God bedek (b).*

(a) Heb 7:26, 27. (b) 1 Pet 1:18, 19; 3:18; 1 Kor 1:30, 31; Rom 8:3, 4; Jes 53:11; Ps 32:1.

Amen.

Slotgebed

Skrifberyming 18-3:5 (29:5)

5 'n Stem het uit die troon gegaan. / Dit spoor tot strenger spanning aan
al wie Gods lof gesing het: / Laat wie God vrees en dien, Hom eer
totdat sy glans en glorie weer / die groot heelal deurdring het.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 20 April 2008 (aand)